Murphy [1]

Posbus 1780
Somerset-Wes
7129
2 Junie 1992

Kodesa-Sekretariaat
Posbus 307
Islando
1600

Geagte Heer

INLIGTING OOR KODESA

Ek is 'n st.8-leerling aan die Hoërskool Parel Vallei en doen 'n Geskiedenis-tema oor Kodesa:

Ek sal dit baie waardeer as u vir my inligting oor die volgende sal stuur:

1. Watter partye neem deel aan Kodesa?
2. Wie is hul verteenwoordigers?
3. Wat is hul standpunte?
4. Wat is die doel van Kodesa en wat is hul mikpunt?
5. Wat gebeur tydens 'n Kodesa-sitting?
6. Watter persone dien in die verskillende werkgroepe

Ek sal dit ook waardeer indien u vir my 'n paar Kodesa-embleme sal stuur.

Sal u asseblief so spoedig moontlik laat weet indien daar enige koste aan verbonde is. Ek sal dit baie waardeer as u die inligting so spoedig moontlik sal stuur, aangesien die tema aan die einde van Junie voltooi moet word.

By voorbaat dank vir u hulp en ondersteuning.

Die uwe
(mej.) P. de Kock